

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Februarie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:2, 3 (51:2, 3)

- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 104:1, 2, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 21 Al wie die HEER se lof mishag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein.”
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

Skriflesing: Handeling 10:34-48; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 6

Kernvers: Handeling 10:36, 43, 44

**Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy
die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die
Here van almal.**

**Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo,
vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.**

**En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die
Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.**

(Handeling 10:36, 43, 44 AFR53)

Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3 en 4, Artikel 6

*Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God
deur die krag van die Heilige Gees en deur middel van die Woord of die bediening van die*

versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

'n Verduideliking van die artikel

Die mens kan nie die lig van die natuur wat in hom oorgebly het, gebruik om tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer nie. Die Wet van die Here dui ook geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee aan die mens om uit die ellende te kom nie. Met ander woorde, daar is niks wat die mens self kan doen en gebruik om tot bekering en geloof in Jesus Christus te kom nie.

Wat nie moontlik is om deur die lig van die natuur of deur die Wet te bereik nie, dit doen God. God skenk saligmakende kennis van Homself en Hy haal mense uit die ellende van sondeverlorenheid uit. Dit doen God deur die krag van die Heilige Gees en deur die Woord of die bediening van die versoening. Dit is met die Woord wat die Heilige Gees saligmakende kennis van God aan die mens skenk. En deur hierdie saligmakende kennis lei die Heilige Gees die mens na die kruis van Christus om tot bekering en geloof in God te kom.

Die Heilige Gees kan dit met die Woord doen, want die Woord het 'n besondere inhoud. Dit is die evangelie van die Messias wat juis deur sy lewe aan die kruis te offer versoening tussen God en mense teweeg gebring het. God het immers besluit om deur die Messias die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

Tema: God bring mense deur sy Heilige Gees en Woord tot bekering

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die vorige twee artikels van hierdie hoofstuk in ons Dordtse Leerreëls het ons eers gesê hoe die mens nie tot bekering kan kom nie. Die mens kan nie met die bietjie van die lig van die natuur wat na die sondeval in hom oorgebly het tot die saligmakende kennis van God kom nie. Deur die bietjie lig van die natuur weet die mens ten minste dat daar iemand groter as hy moet wees, daarom is daar by die oorgrote meederheid mense die soeke na iets of iemand om te aanbid. En in sy soeke kom hy net sover om sy eie versinsels te aanbid – gode wat hy vir homself uitgedink het.

Die mens kan ook nie met die Wet van God vir homself 'n pad oopwerk na God se hart nie. Die Fariseërs en skrifgeleerdes in die tyd van Jesus was van die oortuiging dat jy deur die Wet te onderhou kan veroorsaak dat God nie anders kan nie as om jou aan te neem. Daar is vandag steeds mense wat meen jy moet die Wet gehoorsaam sodat jy gered kan word. Maar elke mense se eie sondige geaardheid maak dit vir hom onmoontlik om die Wet volmaak te gehoorsaam. Van nature is die mens selfsugtig en wil hy hom nie laat voorsê nie. En al het hy ten opsigte van net een gebod gegly en dit nie honderd persent gehoorsaam nie, is hy skuldig aan die hele Wet, want die Wet is 'n volmaakte eenheid. En in die oë van die Here sal net volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet goed genoeg wees.

Die slotsom waartoe 'n mens tot hier kan kom, is om te sê dat daar niks in die mens self is wat bruikbaar is sodat die mens self tot bekering kan kom nie – selfs nie eers as hy geleer word om die bietjie lig van die natuur in hom reg te gebruik nie. En in sy eiewysheid wil die mens die Wet gebruik as 'n leer om tot in die hart van God in te klim, en dit is nie waarvoor die Here sy Wet gegee het nie. Buitendien gly die mens elke keer by die eerste trap van hierdie sogenaamde leer al, want selfs die beste werke van die mens is met sonde besmet.

Ons God is egter die regverdige en genadige God. Hy het Homself in die ewigheid reeds voorgeneem om 'n sekere aantal mense uit die sonde en mag van die Satan te red. Hierdie voorneme van God berus nie op enigiets wat in die mens gevind word nie maar alleen op sy eie welbehae. Hy wil mense hê wat Hom eer en dien as God. Daarom, wanneer dit by die bekering van mense kom doen God dit self, want net dan sal dit regtig en behoorlik kan gebeur. En die werkwyse wat God gekies het om mense tot bekering en geloof te bring, is deur die krag van die Heilige Gees en deur die Woord.

Broers, susters en kinders, selfs Petrus – een van die apostels van Jesus Christus – en die Joodse Christene vanuit Joppe moes leer dat God self mense tot bekering bring en Hy doen dit met Jode en heidene op een en dieselfde manier – deur die krag van die Heilige Gees en deur die Woord. Van Abraham se tyd af het die Jode vir baie eeue verstaan dat die Here vir Israel in besonder tussen al die volke gekies het. En dit is inderdaad so. En elke ander mens van 'n ander volk moes eers soos 'n Jood word om deel te kon hê aan die seën van die Here.

Dit het beteken dat 'n heiden die proselietedoop moes ontvang, besny word en deelneem aan al die seremoniële wette soos wat die Jode dit doen. Die gedagte dat 'n heiden deur God aanvaar sal word sonder om eers soos 'n Jood te word, was vir die Jode en ook die Joodse Christene ondenkbaar. Die Here het egter die vooroordele wat Petrus as Jood gehad het teenoor heidene reeds afgebreek met die gesig wat Petrus gehad het op die dak van Simon die leerlooier se huis in Joppe. Dit is deur hierdie besoek van Petrus aan Kornelius en sy huis, sy preek en die gevolge daarvan wat veroorsaak het dat ook Petrus en die Joodse Christene saam met hom die Here se belofte aan Abraham regtig verstaan het. Dit is die belofte van die Here toe Hy gesê het:

En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Genesis 12:3 AFR53)

Petrus begin sy verkondiging met hierdie stelling:

Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.
(Handelinge 10:34-35 AFR53)

Die eerste deel van hierdie stelling verstaan ons baie goed. In hierdie Skrifgedeelte beteken dit dat dit nie net Jode is wat deur die Here begenadig kan word nie. Die Here kyk nie van watter volk iemand is voordat Hy genade bewys nie. Kornelius hoef dus nie eers die Joodse geloof aan te neem en besny te word voordat hy die evangelie van Jesus Christus kan hoor en vergifnis van sy sondes deur Christus kan ontvang nie. In ons geval beteken dit dat nie-mand eers soos 'n Afrikaner moet word voordat hy die evangelie kan hoor of as 'n Christen aanvaar sal word nie. Elke volk moet in sy kultuur die evangelie van Christus hoor. En elke volk kan steeds sy kultuur beoefen sover dit nie in stryd is met God se Woord nie.

Die tweede deel van Petrus se stelling klink aanvanklik of dit die eerste deel weerspreek. Dit klink of God tog partydig is vir die mense wat Hom vrees en geregtigheid doen. Beteken dit dat God mense aanvaar eers wanneer hulle 'n goeie karakter het en goeie werke doen? Dit is die gevaar wanneer 'n mens een vers op sy eie neem en nie binne die konteks lees nie. Uit die gedeelte vooraf sê die Heilige Gees self dat Kornelius godsdienstig en god-vresend is (Hand 10:2, 22). Wanneer Petrus dit noem aan die begin van sy preek is dit 'n manier om aansluiting by Kornelius en sy omstandighede te vind. Die Woord van die Here word nie verander nie, maar dit word gebring in die besondere

omstandighede van die mens.

Dit is nie Kornelius se godsdienstigheid of godvresendheid wat hom gered het nie, want dit kan nie. Daarom het die Here vir Petrus na Kornelius gestuur sodat hy van Jesus Christus kon hoor, want dit is net deur Jesus Christus wat daar redding vir enige mens kom. Kornelius se sondes moes nog vergewe word, en dit gebeur deur die geloof in Christus (Hand 10:43). Maar noem Petrus Kornelius se godsdienstigheid en godvresendheid net om aansluiting by hom te kry? Nee, hier hoor ons waarvan Jesus self gepraat het. Niemand kan na Jesus toe kom as die Vader die mens nie na Jesus toe trek nie (Joh 6:44). Natuurlik kan die Vader 'n mens op enige manier wat Hy kies na Jesus toe trek.

In Kornelius se geval het dit waarskynlik gebeur deurdat die Heilige Gees in sy hart die honger na God wakker gemaak het deur die Joodse geloof en wat hy al van God in die sina-goge gehoor het. Kornelius het immers alreeds gereeld tot God gebid. Tot daar het sy kennis en toewyding aan God al gegroei omdat die Heilige Gees dit in hom wakker gemaak het. Maar Kornelius was nog nie verlos nie, want in die sinagoge sou hy niks van Jesus as die Verlosser gehoor het nie.

Daarom het die Here vir Petrus van Joppe af na Kornelius in Cesarea gestuur. Uit Kornelius se eie woorde kom 'n mens agter dat hy self nog nie geweet het waarom hy vir Petrus moes laat haal het nie (vgl. Hand 10:30-33). Maar toe Petrus hoor wat Kornelius vir hom vertel van die engel wat in 'n visioen aan hom verskyn het, het Petrus dadelik geweet wat hy moes doen. Dit is wat hy dan ook doen – hy verkondig Jesus Christus as die Here en Regter van alle mense aan Kornelius en sy huis.

Die preek van Petrus wat hier geskryf staan is inderwaarheid 'n opsomming van die hele preek. Wanneer 'n mens hierdie preek vergelyk met die preek op Pinksterdag aan die Jode is daar geen verskil nie. Die evangelie van Jesus kan nie verander word nie en is vir alle mense dieselfde. Petrus sê dit self:

Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die Here van almal.

(Handelinge 10:36 AFR53)

Petrus noem die Woord wat God gestuur het *die evangelie van vrede*. Die woord *vrede* maak dit duidelik dat die verhouding tussen God en die mense nie is wat dit behoort te wees nie. Daar is 'n vyandigheid tussen God en die mense omdat die mense deur hulle moeds-willigheid agter die duiwel se verleiding aan hulle rug op die Here gedraai het. Elkeen word dus as 'n vyand van God gebore. En die mens is geensins in staat om van sy kant vrede tussen hom en die Here te bewerk nie. Alles wat die mens uit sy eie doen is met sonde besmet en onvolmaak.

Die Here self neem die inisiatief om die vrede in en deur Jesus te bewerk. Deur Jesus Christus alleen – dit is die enigste weg wat God gekies het waarop daar vrede tussen Hom en mense sal kan kom. Net deur Jesus Christus kan daar versoening tussen God en mense kom – vir Jode en heidene, want Hy is die Here van almal. In die naam *Here* word die Godheid van Jesus Christus beklemtoon. Net God alleen kan Here wees. Jesus is Here wat Homself verneder het deur die gestalte van 'n mens aan te neem.

Na sy mensheid is Jesus met die Heilige Gees en met krag gesalf sodat Hy deur sy lewe die versoening tussen God en mense kon bewerk. Deur, onder andere, duiwels uit mense uit te dryf en mense van siektes te genees het Jesus getoon wat dit beteken as God ver-

soening bring. Daar kom bevryding vir mense sodat hulle God sonder hindernis kan dien en eer as God. Mense wat die genade van die Here deur sy wonderwerke beleef het, het gesien wat gebeur wanneer daar versoening kan kom. Maar die wonderwerke van Jesus het nie die oorsaak van die vyandskap tussen die heilige God en die sondige mense weggeneem nie. Om die oorsaak van die vyandskap weg te neem moes Jesus sy lewe aflê.

Daarvoor het die Here die hardkoppigheid van die Jode ingespan om Jesus te kruisig. Maar met sy woordkeuse – soos wat die Heilige Gees hom gelei het – laat Petrus dit duidelik word dat Jesus nie alleen as gevolg van die Jode se hardkoppigheid gesterf het nie. Die woord wat in ons teks met *kruishout* vertaal is, kan ook vertaal word met *boom* of *houtpaal*. Kornelius en sy huis sou uit die verkondiging in die sinagoge gehoor het dat elkeen wat aan 'n houtpaal opgehang word deur God vervloek is. Jesus Christus het aan die kruishout gesterf omdat die vloek teen die sonde op Hom gerus het. Net deur sy lewe af te lê kon aan die regverdige eis van God voldoen word, want die straf op die sonde is die dood.

Aangesien Jesus volmaak voldoen het aan God se regverdige eis, het God Hom op die derde dag uit die dood opgewek en beskik dat die getuies wat God gekies het Jesus weer lewendig sou sien. En nadat die Heilige Gees op hierdie getuies uitgestort is, is hulle uitgestuur om Jesus Christus as die enigste Verlosser en Regter van almal te verkondig.

Uit hierdie verkondiging van Petrus is daar drie dinge wat ons moet raaksien. Petrus verkondig die basiese feite aangaande Christus. Hierdie feite moet aan elkeen verkondig word sodat hulle kan weet waarom geloof in Christus noodsaaklik is. In sy verkondiging fokus Petrus heeldyd net op Jesus Christus. Watter vrae daar ook al nog kon wees, moet eers wag tot later. En in die derde plek beklemtoon Petrus dat Jesus Here is van almal en daarom sal Hy as Regter alle mense oordeel. As mense nie ook hoor dat almal skuldige sondaars is wat deur Christus veroordeel sal word nie, sal hulle ook nie regtig kan insien waarom hulle hulle moet bekeer en in Christus glo nie.

Aangesien die Drie-enige God reeds voor die skepping van die wêreld besluit het dat daar slegs deur Jesus Christus versoening kan kom, het Hy dit nie geheim gehou tot en met die koms van Jesus nie. Reeds in die Ou Testament het die profete verkondig dat Jesus Christus die Verlosser en Regter is. Daarom het die gelowiges ook in die Ou Testament slegs deur Jesus Christus verlossing en vergifnis van sondes ontvang, alhoewel hulle Hom nog nie as Jesus geken het nie. Hulle het wel geweet dat die Messias die versoening sal bewerk, want Hy is die Vredevors.

Terwyl Petrus nog besig was om Jesus Christus aan Kornelius en sy huis te verkondig, het die Heilige Gees op almal gekom wat na Petrus geluister het. In daardie oomblik het die Heilige Gees die wedergeboorte aan die mense geskenk en hulle het in Jesus Christus ge-glo as hulle Here en Verlosser. En dieselfde wonder as op Pinksterdag het daar in die huis van Kornelius gebeur. Almal wat die Heilige Gees met die Woord van Christus bekeer het, het in tale gespreek en God geloof. Hierdie tale was nie 'n gebrabbel nie, maar verstaanbare tale wat hulle tot nou toe nog nie gepraat het nie.

Sodoende het die Heilige Gees ook aan Petrus en die ander Joodse Christene saam met hom getoon dat God regtig geen onderskeid tussen mense maak op grond van volk, taal of stam nie. Uit elke volk, taal en nasie maak die Here sy uitverkorenes bymekaar en Hy doen dit met almal op een en dieselfde manier. Die Heilige Gees gebruik verkondigers wat Jesus Christus aan hulle verkondig, en met die bediening van die versoening – die

evangelie van die Messias – bewerk die Heilige Gees die bekering in mense se harte.

Geliefdes, geen mens kan met die bietjie lig van die natuur wat in hom oorgebly het vir God lewe nie. 'n Mens kan ook nie deur wetsonderhouding vir God lewe nie. Eers wanneer die Heilige Gees met die Woord van Christus die lewe aan 'n mens gegee het, kan so 'n mens vir God lewe.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (31:1, 3)

- 1 Toe sien ek teen die blou vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.

- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed gevef, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Februarie 2016